

Opsomming

Verkryging van bate

- Bates word aangekoop teen kosprys.
- Aangeteken om te voldoen aan AARP: Historiese kosprysbeginsel - Alle bates word gewaardeer teen hulle oorspronklike kosprys.
- 'n Inskrywing word in die Bateregister gemaak.

Inskrywings soos volg:

EFFEK OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING – KONTANTAANKOPE

Joernaal	Brondokument	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B=	E+	L
KBJ	Tjekteenblad	Bate bv. Voertuig	Bank	+	0	0

EFFEK OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING – KREDIETAANKOPE

Joernaal	Brondokument	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
KJ	Faktuur	Bate bv. Toerusting	Krediteure kontrole	+	0	+

EFFEK OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING - INRUILING

Joernaal	Bron- dokument	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
KJ	Faktuur	Bates,bv. Voertuie	Krediteurekontrole	+	0	+
		Krediteurekontrole	Bate (ou voertuig)	-		-

Berekening en teboekstelling van waardevermindering

1 REGUITLYNMETODE(TEEN KOSPRYS)

- 'n Vaste persentasie van die kosprys word gedurende die lewensduur van die bate afgeskryf
- Bereken soos volg: $\frac{\text{Persentasie}}{100} \times \frac{\text{Kosprys van bate}}{1} \times \frac{\text{Aantal maande (lewensduur)}}{12}$

2 DIE VERMINDERDE SALDOMETODE

- Gewoonlik toegepas as bate onderwerp is aan baie slytasie. 'n Vaste persentasie van die verminderde saldo word bereken.
- Bereken soos volg: Kosprys – Opgelope waardevermindering = Drawaarde
- $\frac{\text{Persentasie}}{1} \times \frac{\text{Drawaarde van bate}}{100} \times \frac{\text{Aantal maande}}{12}$

Algemene Joernaalinskrywing

ALGEMENE JOERNAAL VAN VIR FEBRUARIE 20.9

Doc	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet
	Waardevermindering		xxx	
	Opgelope waardevermindering: Toerusting			xxx
	Waardevermindering op toerusting bereken teen ___%p.j. op (metode)			

Oorboeking na die Algemene Grootboek

ALGEMENE GROOTBOEK

Dt.

TOERUSTING

Kt.

20.8 Jul 1	Bank	KBJ	XXXX				
---------------	------	-----	------	--	--	--	--

Dt.

OPGELOPE WAARDEVERMINDERING: TOERUSTING

Kt.

				20.9 Feb 28	Waardevermindering	AJ2	XXX
--	--	--	--	----------------	--------------------	-----	-----

WAARDEVERMINDERING

20.9 Feb 28	Opgelope waardevermindering on equipment	AJ2	XXX				
----------------	--	-----	-----	--	--	--	--

EFFEK OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Brondokument	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B =	E +	L
Joernaalbewys	Waardevermindering	Opgelope waardevermindering: Toerusting	-XXX	-XXX	0

Berekening en teboekstelling van vervreemding van Tasbare/vaste bates

- 'n Bate word mee weggedoen wanneer dit nie meer bruikbaar is nie, dit is dus nie meer ekonomies bruikbaar nie of verouderd.
- 'n Nuwe rekening bekend as die Bateverkoperekening wat 'n nominale rekening is, word geskep om hierdie vervreemding van die bate te hanteer.
- 'n Belangrike konsep is om te weet dat die drawaarde van 'n bate gelyk is aan die kosprys minus die opgelope waardevermindering.
- Bates kan vervreem word deur die bate vir kontant of krediet te verkoop, of dit in te ruil vir 'n nuwe bate, te neem vir persoonlike gebruik of deur dit te skenk.
- Die volgende teboekstellingprosedure word gevolg aan die einde van die finansiële jaar:

Vervreemding begin van die jaar	Vervreemding einde van jaar	Vervreemding gedurende jaar	Joernaal	Rekening debiteer	Rekening krediteer
Kosprys van bate oorgedra	Kosprys van bate oorgedra	Kosprys van bate verkoop	AJ	Bateverkope	Bate rekening
Verkope van bate aangeteken	Verkope van bate aangeteken	Verkope van bate aangeteken			Bateverkope
Kontant	Kontant	Kontant	KOJ	Bank	
Krediet	Krediet	Krediet	AJ	Debiteurekontrole	
Ingeruil	Ingeruil	Ingeruil	AJ	Krediteurekontrole	
Persoonlike gebruik	Persoonlike gebruik	Persoonlike gebruik	AJ	Onttrekkings	
Donasie	Donasie	Donasie	AJ	Donasies	

	Bereken die waardevermindering vir die huidige jaar	Bereken die waardevermindering vir die huidige periodes van die jaar	AJ	Waardevermindering	Opgelope waardevermindering
Die opgelope waardevermindering word oorgedra	Die opgelope waardevermindering word oorgedra Tel huidige jaar se waardevermindering by die opgelope waardevermindering aan die begin van die jaar slegs vir die bate wat verkoop is	Die opgelope waardevermindering oorgedra Tel huidige jaar se waardevermindering by die opgelope waardevermindering aan die begin van die jaar slegs vir die bate wat verkoop is.	AJ	Opgelope waardevermindering	Bateverkope
Wins/verlies op bateverkope word bereken Dt.>Kt.: Verlies op bateverkope Dt.<Kt.: Wins op bateverkope	Wins/verlies op bateverkope word bereken Dt.>Kt.: Verlies op bateverkope Dt.<Kt.: Wins op bateverkope	Wins/verlies op bateverkope word bereken Dt.>Kt.: Verlies op bateverkope Dt.<Kt.: Wins op bateverkope	AJ	Verlies op bateverkope Bateverkope	Bateverkope Wins op bateverkope
Bereken die waardevermindering vir die res van bates voorhande	Bereken die waardevermindering vir die res van bates voorhande	Bereken die waardevermindering vir die res van bates voorhande	AJ	Waardevermindering	Opgelope waardevermindering
Sluitingsoordragte na wins-en-verliesrekening	Sluitingsoordragte na wins-en-verliesrekening	Sluitingsoordragte na wins-en-verliesrekening	AJ	Wins-en-verlies Wins op bateverkope	Verlies op bateverkope Wins-en-verlies

Interne beheer

- omtrekbeveiliging – maak seker dat die area rondom die onderneming beskerm is.
- toegangsbeheer – wie toegang tot die bates het
- waarneming en toesighouding– beleid wat die gebruik van die bates aandui
- effektiewe beplanning om noodgevalle te hanteer
- sekuriteit van bates
- skeiding van pligte – aparte rekeningkundige- en aanhoudingspligte.

Etiese aspekte

- Privaat gebruik van bates – besluit oor of dit toegelaat moet word en indien wel op watter voorwaardes
- Redelike weergawe van bates – moet slytasie van bates in die finansiële state aandui
- Etiese aspekte betrokke by die verkryging van bates- moet verkry word sonder die gebruik van “kick-backs”.